SKOOLREëLS

VOOR SKOOL, POUSE EN GEDURENDE KLASTYD:

1 Wanneer leerders skool toe kom, is dit noodsaaklik dat hulle die skolierpatrollie ten alle tye gehoorsaam, ter wille van hul veiligheid.

2 **Grondslagfase**:
   a Leerders sit hulle tasse by hul klasse neer.
   b Gr 1, 2 & 3 leerders kuier voor skool in die parkie tot die klok lui.
   c Geen leerders speel voor of tussen die klasse nie.
   d Wanneer die klok lui, beweeg leerders onmiddellik na die blad en tree in klasverband aan.
   e Personeel beweeg ook dadelik na aantreeblad in die parkie waar die afkondigings van die dag gemaak word.
   f Leerders beweeg saam met personeel na hul klasse.
   g Wanneer die klok op Maandag- tot Vrydag-oggende lui, tree leerders op aantreeblad aan.
   h Personeel aan diens en leiers bring klasse flink op 'n Woensdag na die saal en tree in klasverband aan.

3 **Intermediêre- en Seniorfase**:
   a Wanneer leerders by skool aankom, sit hul hul tasse voor hul klasse neer.
   b Wanneer die klok lui vir skool om te begin, tree leerders in die vierkant aan. Die leier aan diens open met gebed en voorlesing. 'n Personeellid gee die dagprogram aan die leerders deur. (Dinsdae - Vrydae). (Maandae verloop met dieselfde prosedure, behalwe dat dit 'n normale saalopening sal wees).
   c Die leerders verdaag saam met hul voogonderwysers na hul klasse vir die neem van die register en die nodige administrasie. Voordat enige klas betree word, staan die leerders eers in 2 rye tot hul toegang gemagtig word. Stap in, agter stoele, sit en haal boeke uit.
   d Aan die einde van 'n periode pak die leerders weg, maak hul werkspasie netjies en tree aan om ordelik en in rye na die volgende klas te verdaag.
   e Leerders roteer anti-kloksgewys op die stoepe/om die geboue en elke personeellid staan op 'n punt aan hom/haar toegewys.
   f Met ingang van pouse, word die tasse in netjiese rye voor die klasse geplaas. Indien leerders pouses in klasse is, moet 'n personeellid teenwoordig wees.
   g Leerders tree na die pouseklok voor hul klasse aan.
   h Geen drinkgoed/eetgoed word toegelaat in die klasse vanaf Gr 4-7 nie.
   i Vyf minute voor huis-toe-tyd, sal 'n klok lui waar almal dan oppak en vensters toemaak. Elke klas is verantwoordelik vir eie afsluiting.

4 Leerders mag nie buite die skoolterrein speel nie - nie voor, tydens of ná skool nie.

5 Geen leerders mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.

6 Ter wille van sekuriteit en veiligheid, mag geen leerder op stoepe, tussen geboue, in saal, by lapa of by motors ronddwaal of speel nie.

7 GEEN speletjies word op die aantreeblok, voor die saal, of op die stoepe gespeel nie.

8 Ouers word aanspreeklik gehou vir enige skade wat 'n leerder aanrig by die skool.

9 Selfone, speelgoed, radio's en ander nie-skoolverwante artikels mag nie skool toe gebring

word nie.
10 Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir waardevolle artikels wat by die skool wegraak of gekonfiskeer word nie.
11 Balspele word slegs op die rugbyveld en plekke aangewys toegelaat.
12 Kleedkamers moet netjies gehou en higiënies gebruik word.

KLASWISSELING EN VERDAGING:
1 Leerders stap flink na die volgende klas.
2 EENRIGTING VERKEER word op die stoepe en die trappe gevolg.
3 'n Leerder mag nie laat by die klas opdaag nie.

NA SKOOL:
1 GEEN leerder verlaat 'n klas voordat die laaste klok lui nie.
2 Slegs die skolierpatrollie-lede en leiers wat aan diens is, stap 5 minute voor die skool uitkom na hul dienspunte.
3 Na skool mag geen leerder in klasse, in kleedkamers, op stoepe of op die skoolterrein wees nie, behalwe die naskoolleerders en die leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem.
4 Naskoolleerders moet baie nou let op die reëls wat vir hulle geld.
5 Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, moet vir hulle onderwyser/afrigter buite die lokaal, bv. saal of klas, wag.
6 Leerders wat vir hulle ouers wag, moet op afgespreekte plek wag en daar moet gereël word dat leerders betyds by die skool gehaal word, aangesien geen leerder sonder toesig en beheer ná skool op die terrein mag wees nie.
7 **Grondslagfase**:
8 Graad 1 en 2 leerders wie se ouers hul nie onmiddellik kom afhaal nie, moet in hulle klasvoogde se klasse wag.
9 Kinders mag nie ná skool op die klim-en-klouter apparaat speel nie, aangesien daar nie toesig is nie en dit lawaaierig raak terwyl seniors nog skoolgaan.
10 Ouers en leerders wat vir 'n boetie/sussie wag, kan in die parkie op die bankies wag.

SAALBYEENKOMSTE:
1 Leerders tree STIL aan in netjiese rye reg teenoor hul klasvoog. Leerders mag nie by 'n ander klas staan om by hulle maat te wees nie. Elke voog moet sy klas in die saal vergesel.
2 Leerders tree stil aan in die vierkantblok en in die saal .
3 Ná afloop van die saalverrigtinge wag leerders op hulle klasvoogde en verdaag dan saam met hulle.

IN DIE KLASKAMER:
1 Goeie gedrag in die klas is ten alle tye 'n vereiste.
2 Geen eetgoed van enige aard mag in die klas geëet word nie.
3 Kougom word nie op die skoolterrein toegelaat nie.
4 Koeldrank wat oopgemaak is, word nie in klasse toegelaat nie. Houers water en koeldrank in tasse moet dig geseël wees, want dit loop uit en beskadig skrifte en handboeke.
5 Geen gekrap of geskryf op banke, mure en stoele nie.
6 Alle meubels, plakkate, apparaat, toerusting, handboeke, ens. is die skool se eiendom. As 'n leerder dit beskadig, breek of neem sal sy ouers vir die skade moet betaal.

7 Geen apparaat, toerusting of meubels mag sonder 'n opvoeder se toestemming uit sy/haar klas verwyder word nie. Opvoeders is self verantwoordelik vir die uitleen van apparaat en toerusting.
8 Respekteer ander leerders se besittings. Diefstal is 'n kriminele oortreding.
9 Indien 'n leerder kleedkamers toe moet gaan gedurende skoolure, word hy/sy nie deur maats vergesel nie. Die huiswerk-boekie moet saam gedra word.
10 Die siekekamer is slegs vir leerders wat werklik siek is. Sodanige leerders moet toestemming by die betrokke opvoeder kry om siekekamer toe te gaan en dan aanmeld by die toonbank van die kantoor.

GEDRAG:

1 Groet opvoeders en medeleerders, asook persone/besoekers van buite.
2 Wees hulpvaardig en vriendelik.
3 Wees lojaal teenoor en trots op jou skool.
4 Respekteer opvoeders en maats.
5 Dra 'n positiewe beeld van ons skool na buite.

KLEREDRAG: (Skoolklere te koop by Volkie Vere)

1 SOMERSDRAG (vanaf 1 Sept.)

1.1 Seuns:

Grys kort- of langbroek.
Grys kortmouhemp.
Swart skoolskoene met grys kouse.
Kaalvoet -indien kortbroek gedra word.
Indien die groen kleurbaadjie by die somersdrag gedra word, word die das nie vereis nie, maar wel skoene en kouse.
Op koel dae kan 'n sweetpakbaadjie of skooltrui gedra word.

1.2 Meisies:

Groen skoolrok.
Swart skoolskoene met wit skoolsokkies/ Kaalvoet.
Op koel dae kan 'n sweetpakbaadjie of skooltrui gedra word.
Indien die groen kleurbaadjie by die somersdrag gedra word, word skoene en kouse gedra.

2 VRYDAGDRAG

2.1 Seuns:

Groen Laer Volkskool kniebroek (sportbroek).
Sporttekkies (oorwegend wit) en wit sokkies (nie "secret socks" nie) sonder prentjies of kaalvoet.
Groen Volkie gholfhempie met skoolwapen.
Sweetpakbaadjie op koel dae.
Geen kleurbaadjie of oortrektrui by Vrydagdrag nie.

2.2 Meisies:

Groen Laer Volkskool kniebroek (sportbroek).
Sporttekkies (oorwegend wit) en wit sokkies sonder prentjies/skoolsokkies of kaalvoet.
Groen Volkie gholfhempie met skoolwapen.
Sweetpakbaadjie op koel dae.
Geen kleurbaadjie of oortrektrui by Vrydagdrag nie.

3 WINTERSDRAG (vanaf 1 Mei)

3.1 Seuns - formeel:

Grys langbroek en grys langmouhemp met skooldas, kleurbaadjie of skooltrui of oopnekhemp met skooltrui/oortrektrui/ sweetpakbaadjie/kleurbaadjie.
Grys skoolkouse met swart skoolskoene.
Swart gordel van leer of kunsleer toelaatbaar.

Seuns - informeel:

Volledige skoolsweetpak.
Groen Volkiehemp met skoolwapen.
Sporttekkies (oorwegend wit) met witsokkies sonder prentjies.

* **Geen dri-mac mag by sweetpakbroek gedra word nie.**
* **Geen "beanies" toegelaat nie.**

'n Swart serp mag gedra word.

3.2 Meisies - formeel:

Swart skoollangbroek en swart sokkies by swart skoene.
Wit langmouhemp met skooldas, met skooltrui/oortrektrui/kleurbaadjie.
Groen skoolrok met swart sykouse, swart skoolskoene, kleurbaadjie/skooltrui/ oortrektrui/sweetpakbaadjie.

Meisies - informeel:

Volledige skoolsweetpak.
Groen Volkiehemp met skoolwapen.
Sporttekkies met wit sokkies sonder prentjies /skoolsokkies.

* **Geen dri-mac mag by sweetpakbroeke gedra word nie.**

'n Swart serp mag gedra word.

4 **SKOOLSKOENE**:

4.1 **Seuns**:
Swart skoolskoene.

4.3 **TEKKIES**:
Sporttekkies (oorwegend wit).
Geen dik-sool of mode-skoene sal toegelaat word nie.

LET WEL:

5.1 **PROVINSIALE DRAG:**
Leerders wat provinsiale kleure in 'n sportsoort verwerf het, mag die volledige sportdrag vir die kalenderjaar op 'n Vrydag dra.

6 **JUWELE EN HARE:**

Dogters:
Slegs een netjiese stel goue of silwer klein ringetjies of "studs" mag gedra word.
'n Netjiese seëlring is toelaatbaar.
Geen ander bandjies/kettings/ringe/ naeltjieringe ens. is toelaatbaar nie.

Hare moet ten alle tye netjies vertoon.
Hare wat kraaglengte bereik, moet vasgemaak word.

7 **SPORTDRAG**:
Atletiekdrag: Atletiek & Landloop
Volkiedrag: Mini-krieket & Krieket; Skaak; Mini-tennis; Mini-hokkie seuns
Dogterssportdrag: Mini-hokkie dogters; Mini-netbal & Netbal
Rugby: Swart broek & trui word voorsien
Netjiese skooldrag: Eisteddfod & Redenaars
Koor: Dogters – Swartbroek, witlangmouhemp, 2 boksterte met koorrekkies, swart kouse en
Seuns – Grysbroek, witlangmouhemp, grys skoolkouse en skoolskoene

4.2 **Meisies**:
Swart skoolskoene.
Geen inglip of dik-sool modeskoene is toelaatbaar nie.

5.2 **EERSTE SPAN:**
Indien 'n EERSTE SPAN geborg word met 'n dri-mac, mag dié baadjie vir die betrokke jaar op 'n Vrydag by die groen kniebroek gedra word.

Haarbykomstighede:
Dogters gebruik haarrekkies en linte (effe kleure) in die skoolkleure (wit, swart, geel of bottelgroen).
"Alice bands" is toelaatbaar (effe kleure).
Gebruik slegs kopbande soos gereël met sportafrigter vir **sportdoeleindes**.
Geen haarkleursel/sonstrepies is toelaatbaar nie.

Seuns:
Geen juwele word gedra nie.
Seuns se hare moet in 'n kort, netjiese styl wat by 'n laerskoolseun pas, gesny wees.
Geen *haarstilleermiddels*, sonstrepies, kleursel of lang kuiwe word toegelaat nie.

GEEN VRYDAGDRAG WORD IN DIE WEEK GEDRA NIE. SLEGS VRYDAE.

skoolskoene

MAANDAE EN WOENSDAE MAG MINI-TENNISSPELERS DIT WEL DRA.

VOLKIE-KNOPIEPUNTE

Vanaf Graad 1-7

DOEL:
Aanmoediging tot deelname, hetsy sport, kultuur of akademies. Aan elke aktiwiteit word 'n punt toegewys wat na afhandeling van die aktiwiteit deur die verantwoordelike personeellid toegeken word.

PUNTEVEREISTES:

KLEUR KNOPIES	TOTAAL VAN
Wit knopie	300 punte
Geel knopie	900 punte
Swart knopie	1500 punte
Groen knopie	2100 punte
Silwer knopie	2700 punte
Goue knopie	3500 punte
Goue ster	in uitsonderlike gevalle

KRITERIA:

SPORT:

100 punte word verdien vir getroue oefening en die speel van wedstryde vir

Atletiek	Rugby	Netbal	Krieket	Hokkie
Mini-rugby	Mini-netbal	Tennis	Mini-hokkie	Skaak
Mini-krieket	Landloop	Gholf		

Afwesigheid van 'n oefening sonder verskoning of om welke rede, kan die afrigter die deelnemer se punte verminder.

KULTUUR:

KOOR:
100 punte word opgedeel in 4 kwartale d.w.s 25 punte elk per kwartaal. Getroue bywoning van oefeninge en optredes verseker maksimale punte

SPREEKKOOR:
100 punte word opgedeel in 4 kwartale, d.w.s. 25 punte elke kwartaal van deelname.

SKOOLREDENAARS:
25 knopiepunte vir deelname.

PUBLIC SPEAKING:
15 knopiepunte vir deelname

EISTEDDFOD:
15 knopiepunte per item word gegee. Maksimum 100 punte vir die jaar

ATKV:(hoogste punt behaal)
Deelname: 30 punte Rondte 2: 60 punte Finaal: 100 punte

AKADEMIE:

PRESTASIES OP AKADEMIESE GEBIED:
Totale gemiddeld vir 6 vakke (Gr 4-6) en 9 vakke (Gr 7)
75 %: 25 punte per kwartaal
70 %: 20 punte per kwartaal
65 %: 15 punte per kwartaal
55 %: 5 punte per kwartaal

PROSEDURE VAN VOLKIE-KNOPIES:
Elke afrigter is verantwoordelik om 'n naamlys van die leerders na die Knopie-koördineerder te stuur nadat hul span gekies is.
Wanneer al die aktiwiteite aangeteken is en die leerder kwalifiseer vir sy knopie, word die naam en totale punte na die Departementshoof betrokke, gestuur.
Volkiepunte word aan die begin van die volgende kwartaal aangekondig.
Knopiepunte verdien, word jaarliks oorgedra na die volgende jaar.
Knopies kan aangekoop word by Volkie Vere tydens pouse.

DISSIPLINESTELSEL

1 Inskrywings in huiswerkboeke:
Inskrywings word gedoen vir onaanvaarbare gedrag/taal, onvoltooide werk, skade, ens. in die leerder se huiswerkboekie. Die onderwyser(es) se oordeel word vertrou. Hierdie leerders sit ook na 5 inskrywings, detensie.

Positiewe inskrywings moet ook gegee word.

Ouers moet langs elke inskrywing teken. Huiswerkboeke word weekliks nagegaan om handtekeninge te kontroleer.

Huiswerkboekies dien as kommunikasie tussen personeel en ouers.

2 Dissipline lêer:
Dissipline lêer word in oorleg met huiswerkboekie inskrywing gebruik.
Elke personeellid hou volledig verslag van ernstige klasoortredings en 'n opsomming word weekliks deur die graadvoog aan die DPS gestuur. Alle oorspronklike verslae word gehou vir toekomstige verwysing.

3 Detensie:
Leerders wat hulself skuldig maak aan dissiplinêre oortredings, se name word tydens die oggend-opening gelees. Hierdie leerders sit op Vrydae na skool, detensie vir een uur. Rekord word van hierdie name gehou en ouers sal gekontak word.

PROSEDURE – LEIER VERKIESING

1 Graad 6 personeel en leerders ontvang lyste van al die Graad 6 leerders. Almal kry geleentheid om vir 18 Voorsitters te stem.
2 Die voogde tel die stemme.
3 Die kandidate met die meeste stemme sal dan as komiteevoorsitters vir die volgende jaar aangewys word.
4 Die Gr 6 leerders en die Graad 6 personeel kry een stem om vir 'n hoofseun en een stem om vir 'n hoofmeisie te stem. Hoofleiers word uit die komiteelede gekies. Die hoof beskik oor die finale besluit rakende die komiteevoorsitters en hoofleiers.
5 Die hoofleiers en verskeie komitees word aangewys tydens 'n spesiale seremonie.
6 Wanneer leiers teenstrydig met die skool se waardes optree, word hy/sy onthef as leier.

EREKLEURE EN BALKIES:

Erkenning word aan leerders gegee wat presteer in akademie, kultuur en sport.

Erekleure:	Koord	- goue balkie
Prestasie:	Toekenning	- geel balkie
Balkie:	Toekenning	- wit balkie

Erekleure en balkies is te koop by Volkie Vere (op die skoolterrein).